

SUID-AFRIKA EN VREDESTEUNOPERASIES: PERSPEKTIEWE OP UITGANGSPUNTE EN OORWEGINGS

Theo Neethling¹

SUMMARY

Since South Africa held its first non-racial and democratic elections international expectations regarding South Africa's role as a member of the international community have grown. These have ranged from the hope that South Africa, like other African states, will play a responsible role in the resolution of various intra-state conflicts in Africa, to an expectation that South Africa will play an increasing leadership role in subregional, regional and even international organisations in respect of peace support operations. On paper South Africa's military capabilities appear impressive, but in reality there are certain impediments to a major role for the South African National Defence Force. Notwithstanding such impediments and the novelty of such operations to South Africa, it would seem that the sheer force of circumstance is likely to propel South Africa into the subregional and African peace support operations arena. Accordingly, the South African government have attempted to formulate a coherent policy on peace support operations with a view to responding pro-actively and constructively to the expectations and challenges. This article will assess the premises and considerations as regards South Africa's commitment to participation in peace support operations.

1. INLEIDING

In 'n filosofiese sin het vredesteunoperasies met oorlog én vrede te make, begrippe wat uiterstes op 'n glyskaal is, maar mekaar nie noodwendig uitsluit nie. Dit het ook betrekking op die feit dat 'n oorlog dikwels nie op die slagveld beslis word nie, en, meer nog, nie primêr daar nie. Juis die feit dat oorlog meestal uiteindelik op politieke vlak beslis word, bring mee dat vredesteunoperasies vir Suid-Afrika 'n saak van wesenlike politieke belang is.

Sedert Suid-Afrika se eerste nie-rassige, demokratiese verkiesing in 1994 het internasionale verwagtinge aangaande Suid-Afrika se rol as lid van die internasionale gemeenskap toegeneem. Dit behels veral dat Suid-Afrika 'n meer prominente rol in internasionale en Afrikaverband sal speel in die beslegting

¹ Sentrum vir Militêre Studie (Gauteng-tak - Pretoria), Universiteit van Stellenbosch.

van konflikte in Afrikastate.

Waar die Suid-Afrikaanse regering begin het om 'n aktiewe politieke en diplomatieke rol in konflikbeslegting in Afrikastate te speel, is daar veral ten opsigte van deelname aan vredesteunoperasies² groeiende verwagtinge oor die rol wat Suid-Afrika op die kontinent en elders kan speel. Dit hou verband met die feit dat etlike Afrikastate in die afgelope dekade geteister is deur akute interstaatlike konflikte wat met omvangryke staatkundige ontwigting en sosiale ontworteling op die kontinent gepaard gegaan het.

Die situasie in Afrika moet gesien word teen die agtergrond van die beëindiging van die Koue Oorlog en die implikasies wat dit op die internasionale veiligheidsituasie gehad het. Ofskoon die moontlikheid van 'n verwoestende kernoorlog of 'n volskaalse konfrontasie tussen die eertydse Oos- en Wesblok-groeperinge effektief uitgeskakel is, het interstaatlike konflikte en die negatiewe impak daarvan op omliggende state toenemend die aandag van die internasionale gemeenskap geveer. In hierdie konteks het konflikte soos dié in Bosnië, Kroasië, Masedonië (in die voormalige Joego-Slawië), Georgië, Kambodja, asook in Afrikastate soos Somalië, Angola, Mosambiek, Liberië, Rwanda en Sierra Leone nie alleen hoër eise wat betref internasionale vredesbewaring meegebring nie, maar ook die onderneming van multinasionale vredesteunoperasies skerper in die kollig geplaas.

In Suid-Afrika het moontlike toekomstige deelname aan vredesteunoperasies reeds wye aandag in regeringsverband geniet. Daar word skynbaar besef dat Suid-Afrika op die lange duur nie sal kan ontsnap aan die eise van omstandighede nie. Daar is gevolglik gepoog om in beleidsdokumente, sover moontlik, 'n aanduiding te gee van hoe Suid-Afrika homself posisioneer en ingevolge welke kriteria of voorwaardes oorweeg sal word om aan vredesteunoperasies deel te neem. Hierdie artikel is 'n poging om lig te werp op die Suid-Afrikaanse posisie en ingesteldheid, asook die oorwegings en uitdagings waarmee die Suid-Afrikaanse regering en betrokke rolspelers te make het.

- 2 In die wydste sin van die woord het Suid-Afrika wel in die negentigerjare aan vredesteunoperasies in Afrikastate deelgeneem. Hierdie optrede was egter beperk tot politieke-diplomatiese inisiatiewe in Lesotho, die Groot Mere-area en die voormalige Zaïre, asook humanitêre hulpverlening aan konflikgeteisterde Afrikastate soos Mosambiek, Angola en Burundi. Tot dusver is geen troepe of operasionele krygstuig van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag as deel van 'n internasionale of streekmag in 'n Afrikastaat of elders ontplooi nie. Wat dit betref, moet daarop gewys word dat *Operasie Boleas* in Lesotho met ingang van September 1998 – waarby die Suid-Afrikaanse magte betrokke was – tegnies gesproke geen vredesteunoperasie was nie, maar 'n ingrypingsoperasie.

2. DIE BELEIDSRAAMWERK

Die Suid-Afrikaanse posisie ten opsigte van deelname aan vredesteunoperasies het sedert 1994 'n duidelike ontwikkelingsgang getoon. In die eerste plek het amptelike beleidsuitsprake gewys op die regering se verbintenis om, waar nodig, aan sodanige operasies in Suider-Afrika en elders deel te neem. As staatshoof het president Nelson Mandela hom ondubbelsinnig daartoe verbind. Ook ander politieke funksionariese, soos die ministers en adjunkministers van Buitelandse Sake en Verdediging, het by verskeie geleenthede standpunte hieroor gestel. Tweedens is veral drie betekenisvolle beleidsdokumente gepubliseer wat in meer konkrete verband uitdrukking gee aan Suid-Afrika se politieke en militêre ingesteldheid ten opsigte van vredesteunoperasies. Dit is die Witskrif op Verdediging, die Verdedigingshersiening³ en die Konsepwitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies.

2.1 Die Witskrif op Verdediging en die Verdedigingshersiening

Die Witskrif op Verdediging (wat op 14 Mei 1996 deur die Parlement aanvaar is) het duidelik erkenning gegee aan die verwagting wat daar bestaan dat Suid-Afrika deur middel van die Verenigde Nasies (VN), die Organisasie vir Afrika-teenheid (OAE) en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) aan vredesteunoperasies sal deelneem. Samewerking in streekverband is ook besonderlik benadruk as noodsaaklik om stabiliteit en veiligheid in Suider-Afrikaanse verband te bevorder, terwyl enkele ander verbandhoudende verwysings na Suid-Afrika se benadering tot vredesinisiatiewe eweneens in die dokument voorkom (RSA 1996:20-1).

In 'n meer omvattende voortbouing hierop het die Verdedigingshersiening (wat op 26 Mei 1997 deur die Departement van Verdediging gepubliseer is en daarna deur die Parlement aanvaar is) dit uitgestippel dat daar situasies in Suider-Afrika mag ontstaan wat 'n bedreiging vir vrede en stabiliteit in die streek inhou. Waar politieke pogings nie geslaagd is om sodanige konflikte te ontloot nie, mag dit nodig wees om die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) as deel van 'n multinasionale vredesmag aan te wend in 'n poging om die konflik die hoof te bied (Defence Review Work Group 1997:36-7). Dit is

3 Daar word soms in Afrikaanse geskrifte na die "Defence Review" as die "Verdedigingsoorsig" verwys. Die term "Verdedigingshersiening" word in hierdie artikel deurgaans as vertaling gebruik.

andermaal duidelik gestel dat samewerking in Suider-Afrika van die hoogste belang is en dat bepaalde inisiatiewe nodig is om die nodige samewerking en koördinerings tussen die betrokke state te verseker. In die Verdedigings-hersiening word eweneens verklaar dat Suid-Afrika verbind is tot volle deelname aan al die strukture van die SAOG, waaronder

- die Spitsberaad, oftewel die byeenkoms van staatshoofde;
- die Orgaan vir Politiek, Verdediging en Veiligheid, bestaande uit die lidstate se ministers van Buitelandse Sake en Verdediging; en
- die Interstaatlike Verdedigings- en Veiligheidskomitee, bestaande uit die lidstate se ministers van Verdediging, Veiligheid (Polisie) en Intelligensie (Defence Review Work Group 1997:38).

Voorts is dit ook gestel dat daar op Suid-Afrika sekere internasionale verpligtinge rus wat hom in beginsel tot deelname aan internasionale vrede-steunoperasies verbind. Daar word ook aangedui ingevolge watter kriteria Suid-Afrika bereid is om aan vredesteunoperasies deel te neem (Defence Review Work Group 1997:39).

Vir doeleindes van klarigheid is verskeie tipes vredesteunoperasies ("peace support operations") geïdentifiseer wat soos volg omskryf word:

- **Voorkomingsdiplomatie ("preventive diplomacy"):** Dit behels diplomatieke stappe om 'n verwagte krisis te voorkom of geweld te beperk. Militêre magte kan gebruik word om steun te verleen in situasies met 'n hoë mate van potensiële konflik.
- **Vredemaking ("peacemaking"):** Dit is 'n proses van diplomatie, bemiddeling, onderhandelings of 'n ander poging om 'n vreedsame beslegting van konflik te bewerkstellig. Militêre magte kan hierby betrek word.
- **Vredebou ("peacebuilding"):** Dit behels post-konflik inisiatiewe met die doel om openbare infrastruktuur en instellings te herbou of te versterk. Militêre magte kan hierin 'n ondersteunende rol speel.
- **Vredehandhawing ("peacekeeping"):** Dit het te make met militêre of niemilitêre operasies wat met die instemming van die strydende partye onderneem word. Die doel daarvan is om die implementering van 'n vredesakkoord te monitor of te fasiliteer om sodoende ondersteuning te verleen aan diplomatieke pogings om 'n langtermyn vredesproses te bewerkstellig.

- **Vredeafdwinging ("peace enforcement"):** Dit behels die aanwending van militêre mag in ooreenstemming met 'n besluit van die Veiligheidsraad van die VN. Die doel van sodanige aksie is om vrede te herstel en om diplomatieke pogings wat op die bewerkstelling van langtermynvrede gemik is, te laat slaag.
- **Humanitêre en noodlenigingsaktiwiteite ("humanitarian or relief activities"):** Dit kan 'n operasie in eie reg wees of deel vorm van pogings om vrede te herstel. Dit kan tipies betrekking hê op die verligting van ramp-situasies, die verskaffing van gesondheidsorg en bystand aan vlugtlinge of ontwortelde persone.

Teen hierdie agtergrond stel die Verdedigingshersiening dit ook dat vredesteunoperasies die betrokkenheid van mediese, kommunikasie-, ingenieurs-, logistieke, administratiewe, vervoer-, gevegs- en ander komponente van die gewapende magte kan insluit. Ten einde voorbereidings te tref vir deelname aan vredesteunoperasies stippel die Verdedigingshersiening bepaalde opleidingsinisiatiewe uit, terwyl daar ook breë aanduidings gegee word van wat die aard van die SANW se operasionele ontplooiing kan wees (Defence Review Work Group 1997:40-1;45). Laasgenoemde word in meer besonderhede gehanteer in 'n operasionele geskrif van die SANW, *Gesamentlike Oorlogvoeringhandboek, GWU 106 deel 2: Vredesteunoperasies*.

2.2 Die Konsepwitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies

Uit 'n suiwer diplomatieke gesigspunt is die Konsepwitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies⁴ selfs meer betekenisvol as die Verdedigingshersiening. As 'n gesamentlike produk van die Departement van Verdediging en die Departement van Buitelandse Sake handel dié dokument omvattend oor

- die veranderende internasionale omgewing en die toenemende belangrikheid van vredesteunoperasies wêreldwyd;
- die rol van vredesteunoperasies in Suid-Afrika se nasionale beleid;
- die bepaling van 'n mandaat (internasionaal en streekgewys) vir die uitvoering van 'n vredesteunoperasie;

4 Met die skrywe hiervan was die Konsepwitskrif in 'n proses van afronding nadat rolspelers ruim geleentheid gehad het om kommentaar te lewer.

- die rol van die Parlement en die Uitvoerende Gesag in die besluit om 'n vredesteunoperasie te onderneem;
- faktore wat oorweeg behoort te word alvorens enige verbintenis tot 'n vredesteunoperasie aangegaan word; en
- kriteria vir toetrede tot en onttrekking aan vredesteunoperasies (Departement van Buitelandse Sake 1997:1-22).

Heel betekenisvol is die aanduiding in die Konsepwitskrif dat vredesteunoperasies beoordeel moet word aan die hand van bepaalde beginsels wat Suid-Afrika se buitelandse beleid ten grondslag lê. Dit behels 'n verbintenis tot

- menseregte en demokrasie;
- geregtigheid en die internasionale reg met betrekking tot interstaatlike verhoudinge;
- internasionale vrede en internasionaal ooreengekome meganismes vir die vreedsame beslegting van geskille;
- die belange van Afrika in die internasionale gemeenskap; en
- ekonomiese ontwikkeling deur middel van streek- en internasionale samewerking in 'n interafhanklike wêreld (Departement van Buitelandse Sake 1997:1-22).

Sonder om hier op verdere besonderhede in te gaan, bring 'n verkenning van bogemelde dokumente aan die lig dat die Suid-Afrikaanse regering aansienlik gevorder het onderweg na die daarstelling van 'n duideliker en omvattende, geïntegreerde beleidsraamwerk ten opsigte van vredesteunoperasies. Williams (1997b:141) wys ook tereg daarop dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1996 betekenisvolle vordering gemaak het in 'n poging om groter duidelikheid hieroor te verkry.

3. REDES VIR DEELNAME

Die verbintenis tot deelname aan vredesteunoperasies vind nie noodwendig by alle Suid-Afrikaners byval nie. Skerp vrae word trouens soms gestel oor die nodigheid om Suid-Afrikaanse troepe, krygstuig of ander vorme van militêre hulpverlening te bewillig vir doeleindes van steun aan vredesinisiatiewe. Waarnemers vra soms of dit sal sin maak om die SANW - wat self aan streng besuiningsmaatreëls onderhewig is - in duur en soms riskante "andermansoorloë" aan te wend, en dit boonop in die lig van oproepe om plaaslik skerp op misdadabekamping en maatskaplike ongelykhede te fokus.

'n Bekende oud-generaal het dit by geleentheid gestel dat "...ons (het) nie meer, soos in die verlede, 'n afskrikmag nodig nie. Ons moet ook nie die SANW met ander weermagte vergelyk nie. Ons moet net prakties die binnelandse situasie die hoof kan bied" (Badenhorst 1997:18). Spence (1998:4) wys eweneens daarop dat daar soms in sakekringe aangevoer word dat Suid-Afrika geen werklike ekonomiese belang in Afrika het nie en hom gevolglik nie op die res van die kontinent moet toespits nie.

Daar is egter 'n aantal sake wat regstreeks of onregstreeks as motivering gedien het vir die besluit van die Suid-Afrikaanse regering om, waar nodig, aan vredesteunoperasies deel te neem. Hierdie sake het almal te make met diepliggende veranderinge wat in die internasionale politiek plaasgevind het, asook met Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale gemeenskap ná 1994 en veral sy steeds ontwikkelende "Afrikaburgerskap".

3.1 Internasionale politieke verwickelinge

Daar bestaan verskeie redes waarom state aan internasionale vredesteunoperasies deelneem. Altruïsme en "goeie internasionale burgerskap" is byvoorbeeld redes waarom state soos Kanada, Noorweë en Swede oor baie dekades by sodanige operasies betrokke was. Dit kan ook verband hou met state se houding aangaande internasionale moraliteit of betrekking hê op regeringspogings om die gewapende magte "besig te hou", soos in die geval van Nigerië en Argentinië (Cilliers & Malan 1996:342). Nog 'n belangrike rede het te make met state se nasionale belang in die internasionale gemeenskap (Nöfke 1995a:14). In die konteks van hierdie artikel kan nasionale belang spesifiek betrekking hê op die opvatting dat 'n staat se veiligheid en welvaart slegs in breë wêreldverband verseker kan word (Geldenhuys 1995:6).

Wat die Suid-Afrikaanse posisie betref, is dié staat se jarelange isolasie volledig vervang deur genormaliseerde verhoudinge met die internasionale gemeenskap. As lid van die internasionale gemeenskap beteken dit dat Suid-Afrika nie alleen op sekere regte aanspraak kan maak nie, maar ook dat daar bepaalde verpligtinge op die land rus, soos om internasionale vredesinisiatiewe te ondersteun (Heitman 1996:25).

Samewerking met ander state en organisasies - onder meer ten aansien van veiligheidsaangeleenthede - is derhalwe 'n belangrike element van Suid-Afrika se buitelandse verhoudinge. In dié verband bestaan daar juis verwagtinge in

bepaalde kringe dat Suid-Afrika leiding en nuwe rigting sal gee aan pogings om op multinasionale grondslag vrede in konflik-geteisterde Afrikastate te bewerkstellig (RSA 1996:20).

Daar moet voorts in gedagte gehou word dat die beëindiging van die Koue Oorlog verreikende implikasies op die internasionale veiligheidsituasie gehad het. Wat dit betref, het die benadering tot die handhawing van internasionale vrede, wat jarelank ingestel was op die bewaring van bipolêre vrede (tussen die Ooste en die Weste), 'n nuwe dimensie aangeneem. Dienooreenkomstig het die verslapping van die ideologiesgedrewe spanning tussen die eertydse Oos- en Wesblokgroeperinge die fokus van die internasionale gemeenskap na interstaatlike of interne konflikte verplaas.

Die einde van die Koue Oorlog het ook belangrike implikasies vir Afrika ingehou deurdat die kontinent se militêr-strategiese belangrikheid in die wêreldpolitiek klaarblyklik afgeneem het. Dit was veral die gevolg van 'n afname in die wedyering van die groot moondhede om die beste "staanplek" in Afrika. Terselfdertyd het die eise van demokratisering toenemend op die kontinent ingewerk en tot gewapende konflikte en burgeroorloë in talle Afrikastate gelei.

Hierbenewens beskik die VN nie op hierdie tydstip oor die vermoë om vredesteunoperasies - en besonderlik die afdwinging van vrede tussen strydende partye - oral geredelik te onderneem nie. 'n Tekort aan die nodige fondse bring veral mee dat die VN nie deur middel van vredesteunoperasies sy internasionale vredestaak na behore kan verrig nie. Dit het alles tot gevolg dat Afrikanasies tot 'n groter mate op hulleself aangewys is om op konfliktsituasies op die kontinent te reageer. (Arnold 1997:33). Suid-Afrika kan nie sonder meer sy rug op hierdie saak keer nie.

In die lig van die kapasiteitsprobleme van die VN het daar gevolglik 'n ontwikkeling in die internasionale gemeenskap plaasgevind om die taak van vredesbewaring as 'n funksie van die VN na organisasies soos die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, die OAE en selfs kleiner streekinstellings (soos die SAOG) af te wentel (Williams 1997a:1). Dit het onder meer betrekking op die feit dat streekinstellings oor eerstehandse kennis van en insig in spesifieke konflikte en knelpunte beskik. Hulle is in die posisie om 'n belangrike rol te speel in pogings om stabiliteit in streekverband uit te bou en te verseker. Vir Suid-Afrika as prominente Afrikastaat hou dit uiteraard belangrike implikasies in.

3.2 Verwikkelinge en faktore in Afrika

Die uitdagings en knelpunte van vredesteunoperasies vir die vredesmagte in Afrikastate soos Somalië, Rwanda, Mosambiek en Angola, het daartoe gelei dat die tradisionele bewaarders van internasionale vrede (waaronder die Verenigde State van Amerika (VSA), Kanada en verskeie Europese state) 'n groter onwilligheid openbaar om regstreeks of operasioneel by vredesinisiatiewe in Afrika betrokke te wees. 'n Duidelike blyk dat die Westerse state hulle teenwoordigheid in Afrika wil afskaal, spreek byvoorbeeld uit Frankryk se besluit in 1997 om sy militêre vermoë in Afrikastate met 40 persent te verminder. Die VSA is weer kennelik daarop ingestel om voortaan eerder by wyse van opleidingprogramme vir Afrikaweermagte en die verskaffing van hulpbronne aan Afrikastate te help om konflikte op die kontinent te voorkom of die hoof te help bied (Henk & Metz 1997:3;22). Stemme het uit die internasionale gemeenskap begin opgaan dat Afrikastate sêlf na die probleme aangaande vredesbewing in Afrika moet omsien (Olonisakin 1997:349-50).

Terselfdertyd is daar toenemende aanduidings dat sommige Afrika-staatshoofde sterk oortuigings huldig oor 'n *leitmotiv* van "Afrika-oplossings vir Afrikaprobleme". Die uitgangspunt is dat Afrika homself moet "polisieer" en vir die handhawing van vrede op die kontinent verantwoordelik moet wees. Hierdie saak is vir Suid-Afrika van die grootste belang en president Nelson Mandela is trouens sterk tot dié beginsel verbind (Shaw 1997: 6). In dieselfde sin sluit dit ook aan by oproepe van adjunkpresident Thabo Mbeki vir 'n *Afrika-rennaissance* wat daarop neerkom dat Afrikane sêlf vir hulle lotsbestemming verantwoordelikheid moet aanvaar en per implikasie by vredesinisiatiewe op die kontinent betrokke moet wees (Steyn 1997:12).

Die beweging na 'n nuwe wêreldorde en die realiteit van internasionale ekonomiese interafhanklikheid het wêreldwyd tot 'n groter bewustheid gelei van die geïntegreerde geheel wat die internasionale gemeenskap tans aanneem. Hierdie denke het ook tot Afrika en Suid-Afrika deurgedring. Die Suid-Afrikaanse perspektief van nasionale veiligheid is wesenlik beïnvloed deurdat dié konsep nie langer in 'n streng militêre konteks hanteer of vertolk word nie.

Die fokus van ons nasionale veiligheid, soos omskryf in die Witskrif op Intelligensie, is dienooreenkomstig nie slegs meer ingestel op die beskerming van die staat en sy territoriale integriteit teen eksterne bedreigings nie. Dit is

verbreed om, benewens die uitskakeling van oorlog, ook betrekking te hê op die bevordering van demokrasie, volhoubare ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike geregtigheid in groter verband (RSA 1994:6-7).

Prakties gesproke beteken dit dat probleme wat betref politieke konflikte nie tot nasionale grense beperk is nie. Die konflikte in Rwanda, Somalië, Zaire en die voormalige Joego-Slawië het getoon dat, wanneer 'n staat in duie stort as gevolg van interne konflik, dit tot uitkringende implikasies en turbulensie in streekverband kan lei.

Konflikte lei dikwels tot die beweging van vlugteling, omgewingsvernietiging, die verspreiding van siektes en oorgrensbeweging van dwelms, gesteelde goedere en wapens. Sodanige verskynsels het uiteraard 'n negatiewe invloed op omliggende state en selfs streke in die vorm van 'n verskeidenheid nie-militêre bedreigings (Defence Review Work Group 1997:34-5). So beskou, het Suid-Afrika 'n gemeenskaplike toekoms met sy bure in Suider-Afrika en as sodanig is konflik in Afrika nie net andermansake nie. Vrede en stabiliteit op nasionale vlak kan nie verseker word in die konteks van onstabiliteit in streekverband nie, of soos Spence (1998:100) dit stel: "Acid rain, after all, knows no frontiers."

Dit moet egter gemeld word dat veiligheidsprobleme met 'n oorspoeffek nie alleen tot Afrikastate beperk of slegs in Afrika van belang is nie. Ook die Eerste Wêreldgemeenskap het te kampe met veiligheidsknelpunte wat op multinasionale grondslag hanteer moet word. Terrorisme, dwelminhandel, onwettige immigrasie en internasionale kriminele praktyke is verskynsels wat op 'n wêreldwye grondslag uitdagings aan regerings stel. So byvoorbeeld is die Amerikaanse regering gewikkel in pogings om te verhinder dat immigrante vanuit die voormalige Joego-Slawië, Albanië, ander Sentraal-Europese state, Asië en Latyns-Amerika via die Karibiese Eilande en Suid-Amerika onwettig na die VSA vloei (Stringer 1997:400). Sodanige pogings noodsaak nie alleen multinasionale samewerking nie, maar ook betrokkenheid by vredesopogings in state waar akute interne konflikte manifesteer. Dit is dan ook betekenisvol om daarop te let dat die Amerikaanse betrokkenheid by vredesinisiatiewe in Afrika verband hou met die uitgangspunt van "prudent investment for the future" en "[f]ailure to invest in peace now will mean greater costs later for relief operations, as well as lost opportunities for new economic ties" (Washington Office on Africa 1989:4-5).

'n Ander belangrike aspek teen die agtergrond van die bostaande hou verband met die feit dat Suid-Afrika die belangrikste ekonomiese en militêre moondheid in Suider-Afrika is. Trouens, in die internasionale gemeenskap word Suid-Afrika kennelik as een van Afrika se invloedrykste state gereken (Henk & Metz 1997:2). In hierdie konteks vat Heitman (1996:25) Suid-Afrika se posisie ten opsigte van vredesteunoperasies treffend soos volg saam:

"South Africa is a regional power in Africa whether we like it or not... That demands active participation in debate around regional and security issues, and participation in peace support operations. The bottom line is that South Africa will not for ever be able to dodge taking part in peace-keeping and even peace-enforcement operations. We will have to become involved in Africa as part of regional responsibilities. We will also be expected to participate in some peace-support operations elsewhere as one of our responsibilities as a representative African power."

Laastens kan daarop gewys word dat 'n groot getal Afrikastate in die afgelope dekades aan vredesteunoperasies in Afrika en elders in die internasionale gemeenskap deelgeneem het. Egipte, Ghana, Nigerië, Kenia en Tunisië het byvoorbeeld deel gevorm van die vredesteunoperasie in die voormalige Joego-Slawië. Troepe van Ghana, Kameroen, Egipte, Namibië, Senegal en Tunisië het aan die vredesmissie in Kambodja deelgeneem. In Afrikaverband het offisiere van Nigerië, Zimbabwe en Botswana telkens die hoogste bevelsfunksies verrig in die konflikte in Angola, Mosambiek en Somalië (Henk 1995:16;26-7). In 1995 was Afrika se bydrae sodanig dat 18 OAE-ledestate die VN van meer as 6 000 vredestroepes voorsien het. In 1997 was daar 67 VN-ledestate wat aangedui het dat hulle op 'n gereedheidsgrondslag is om in VN-vredesteunoperasies op te tree. Uit Afrika het Senegal, Ghana, Tanzanië, Zambië, Soedan, Tunisië, Zimbabwe, Botswana, Tsjad, Egipte, Kenia en Nigerië hulle bereidwilligheid in dié verband te kenne gegee (VN 1997:1).

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat Suid-Afrika inderwaarheid geen ander keuse het nie as om verbind te wees tot deelname aan vredesteunoperasies in Afrika en selfs in wyer internasionale verband. Dit blyk voorts dat daar bepaalde verwagtinge aan Suid-Afrika gestel word en dat die Suid-Afrikaanse regering nie anders kan as om die indruk hiervan te wees nie. Dit is egter so dat die regering vanweë 'n verskeidenheid faktore sy verbintenis aan vredesteunoperasies met 'n ruim mate van versigtigheid bejeën. Dit hou verband met sekere knelpunte en uitdagings waarmee Suid-Afrika te make het.

4. BEPERKINGS EN UITDAGINGS

In die Afrikakonteks word die SANW deur talle waarnemers beskou as dié militêre mag wat 'n verskil in vredes pogings op die kontinent teweeg kan bring. Kapasiteitsgewys vertoon die SANW inderwaarheid indrukwekkend in Afrika. Wat sy ekonomie, nywerhede en wapenbedryf betref, is Suid-Afrika eweneens in 'n buitengewoon sterk posisie in kontinentale verband. Desondanks is daar bepaalde beperkings ten opsigte van die SANW se uitgebreide deelname aan vredesteunoperasies wat onder meer te make het met onervarenheid, finansiële beperkings, die transformasieproses in die SANW en knelpunte in verband met streeksamewerking.⁵

4.1 Onervarenheid

Die Verdedigingshersiening stel dit dat Suid-Afrika deelname aan vredesteunoperasies op die korttermyn versigtig moet benader, aangesien die politieke en militêre dinamika van sodanige operasies vir Suid-Afrika nuut is (Defence Review Work Group 1997:39). Die geldigheid hiervan kan waarskynlik gemeet word deur 'n vergelyking te tref met Suid-Afrika se buurstate, Zimbabwe en Botswana. Hierdie state was sedert 1991 by die internasionale vredesteunoperasies in Somalië, Rwanda, Mosambiek en Angola betrokke. In Zimbabwe, byvoorbeeld, skenk die *Zimbabwe National Army* reeds sedert 1992 besondere aandag aan vredesopleiding, terwyl die *Zimbabwe Staff College* 'n omvattende kursus oor vredehandhawing in Suider-Afrika aanbied (Bonyonwe 1997).

In Afrika - waar die ineenstorting van state soos Somalië en Rwanda hoë eise aan vredesmagte gestel het - moet die ervaringsfaktor ernstig opgeneem word. In Rwanda kon die driejarige VN-vredesteunoperasie nie werklik daarin slaag om 'n einde te bring aan die etniese oorlog tussen Hutu en Tutsis nie en het tussen 500 000 en 1 miljoen mense in 'n tydperk van enkele jare omgekóm. Kinders en vrouens is veral getref deur ellende en sosiale ontworteling. Dit spreek uit die beraamde 47 000 kinders wat wees agtergelaat is, terwyl daar na bewering tussen 250 000 en 500 000 verkragtings van vrouens onder die omstandighede plaasgevind het. Meer nog: vredes pogings in Afrikastate het in die afgelope jare dikwels weinig met die blote handhawing van vrede te make

5 Daar mag ook ander faktore wees wat in 'n mindere of meerdere mate beperkend op die SANW inwerk, maar wat nie hier bespreek sal word nie.

gehad. Die aard daarvan was veel eerder dié van vredeafdwinging tussen strydende magte (Malan 1997:47) - operasies wat uiteraard hoë finansiële eise en politieke risiko's meebring.

Ten einde praktiese ervaring op te doen in vredesopleiding het Suid-Afrika in April 1997 deelgeneem aan Oefening *Blue Hungwe*, 'n tweeweeklikse multi-nasionale Suider-Afrikaanse vredesoefening wat in Zimbabwe plaasgevind het (Shaw 1997:6). Ofskoon dit 'n blote oefening was wat boonop in gunstige omstandighede plaasgevind het, het dit tog aan die Suid-Afrikaanse magte waardevolle insae in en blootstelling aan die operasionele vermoëns van ander weermagte in SAOG-verband gegee, terwyl hulle ook 'n eerstehandse waarde-bepaling van hulle eie opleidingsgehalte en vermoëns kon maak (Van der Walt & Serfontein 1997:6-8). Inmiddels is die SANW ook besig om op al die toepaslike vlakke aan opleiding vir vredesteunoperasies aandag te skenk (Defence Review Work Group 1997:45).

4.2 Finansiële beperkings

Shelton (1997:8) wys tereg daarop dat die befondsing van enige vredesteunoperasie 'n kritieke oorweging is vir deelname. Veral ontwikkelende state soos Suid-Afrika kan dit eenvoudig nie bekostig om sonder meer by vredes-pogings betrokke te raak sonder om, sover moontlik, oor die finansiële implikasies uitsluitel te kry nie.

Die Britse ondervinding in die voormalige Joego-Slawië het byvoorbeeld bewys gelever dat die koste van vredesteunoperasies dikwels veel meer beloop as wat gewoonlik beplan of beraam word. Die omvangryke koste van vredes-inisiatiewe blyk verder daaruit dat die Britse bydrae tot die vredesmagte in Bosnië in 1996 £300 miljoen beloop het sonder dat die uitgawes wat in Brittanje aangegaan is om troepe op 'n gereedheidsgrondslag te hou, hierby ingereken is (Shelton 1997:7). Die Departement van Verdediging is dan ook deeglik onder die indruk van die hoë finansiële eise wat vredesteunoperasies aan Suid-Afrika kan stel (Steyn 1997:11).

Suid-Afrika is egter nie net in die posisie van 'n ontwikkelende staat nie. Die vraagstuk van botter of gewere ("butter or guns") was in die afgelope tyd 'n kritiese aspek van die debat oor verdedigingsbeplanning in 'n tyd van diepliggende transformasie (Kasrils 1997:26). Die Suid-Afrikaanse verdedigingsbeplanners moes dus let op regeringsdoelwitte met betrekking tot die

verskaffing van behuising en skoon water aan minderbevoorregte gemeenskappe, asook uitdagings op die onderwysterrein - doelwitte wat veral sedert 1994 'n wesenlike impak op die verdedigingsbegroting gehad het. Terselfdertyd moes verdedigingsbeplanning so bestuur word dat die Suid-Afrikaanse krygsvermoë nie skade aangedoen word nie. Hoe dit ook al sy, regeringsdoelwitte ten opsigte van sosio-ekonomiese verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing bring eenvoudig mee dat enige deelname aan vredesteunoperasies baie versigtig oorweeg sal word.

In hierdie konteks bepaal die Verdedigingshershiening dat goedkeuring vir deelname aan 'n vredesnag onderhewig is aan parlementêre goedkeuring. Vir sodanige doeleindes word 'n beraming van die finansiële kostes benodig (Defence Review Work Group 1997:39). Die Konsepswitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies stel dit meer spesifiek deur die bepaling dat die parlementêre komitees op verdediging, buitelandse sake, intelligensie en finansies oor die verwagte finansiële implikasies, asook oor die voorgenome kriteria vir toetrede tot en onttrekking aan 'n vredesteunoperasie, voorgelig moet word (Departement van Buitelandse Sake 1997:17). Voorts stel die Verdedigingshershiening 'n "oop kanaal" wat betref finansiële reëlings tussen die VN en die betrokke Suid-Afrikaanse staatsdepartemente as 'n voorwaarde vir deelname (Defence Review Work Group 1997:39).

4.3 Integrasieproses

Dit is algemeen bekend dat die SANW geskep is uit 'n samevloeiing van sewe voormalige militêre magte waarvan sommige in jarelange vyandskap met mekaar gewikkel was. As 'n resultaat van die politieke onderhandelingsproses van die vroeë negentigerjare is die SANW 'n samevoeging van die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag, die weermagte van die voormalige Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei, asook die eertydse militêre komponente van die *African National Congress* en die *Pan Africanist Congress*, dit wil sê *Umkhonto we Sizwe* en die *Azanian People's Liberation Army*.

Verskeie rolspelers en waarnemers het in die afgelope jare aangevoer dat die integrasieproses van die SANW eers geslaagd afgehandel moet wees alvorens Suid-Afrika by multinasionale vredesposings betrokke kan raak. Lt.-genl. Johan Pretorius het dit byvoorbeeld duidelik gemaak dat dit nie wenslik vir Suid-Afrika is om aan vredesteunoperasies deel te neem voordat sodanige proses gefinaliseer is nie (Pretorius 1995:27). R. Williams (1995:89) het ook

daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering die integrasieproses eers afgehandel wil sien voordat troepe vir deelname aan vredesteunoperasies beskikbaar gestel word. Daar is gevolglik besluit om Suid-Afrikaanse deelname vir eers tot humanitêre hulpverlening te beperk (Nöffke 1995b:12).

Meer onlangs is 'n nuwe standpunt hieroor deur die Sekretaris van Verdediging, mnr Pierre Steyn, gestel. Hy het naamlik aangedui dat, hoewel die geslaagde integrasieproses van die eertydse opponerende magte 'n faktor is om deeglik mee rekening te hou in vredesopleiding en steuntoesegging aan vredesteunoperasies, dit dalk oorbeklemtoon is. Hy het verder te kenne gegee dat die integrasieproses die nodige aandag geniet en dit as 'n bestuurbare aangeleentheid ("manageable concern") bestempel (Steyn 1997:9). Dat die integrasieproses egter 'n faktor is wat in ag geneem moet word, blyk uit berigging wat dui op 'n mate van spanning in en buite die Departement van Verdediging oor die vordering wat daar in dié verband plaasvind (Pretorius 1998:4).

4.4 Streeksamewerking

Die Konsepwitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies stel dit dat twee tipes VN-mandate vir vredesteunoperasies gereël kan word. Die eerste is 'n mandaat vir 'n VN-ondersteunde operasie en die tweede is vir 'n VN-goedgekeurde operasie. Eersgenoemde word deur die VN beheer en bestuur, terwyl laasgenoemde deur 'n streekorganisasie beheer en bestuur word (Departement van Buitelandse Sake 1997:1-22). In die Suider-Afrikaanse konteks kan die SAOG derhalwe vir 'n VN-goedgekeurde vredesteunoperasie verantwoordelik gemaak word.

Weinig analiste sal die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse rol in die SAOG betwis. Suid-Afrika se betrokkenheid in die streek sedert 1994 het dan ook 'n duidelike verskil gemaak aan pogings om streeksamewerking oor veiligheidsaangeleenthede uit te bou en betekenisvolle vordering is in dié verband gerapporteer. 'n Besonder belangrike gebeurtenis was die totstandkoming van die SAOG-Organisasie vir Verdediging, Politiek en Veiligheid in Junie 1996, wat as funksionele instelling spesifiek moet toesien dat vrede en veiligheid in Suider-Afrika uitgebou word (Van Aardt 1997:12-3).

'n Knelpunt waarmee Suid-Afrika egter van meet af aan te make gekry het, was dat van sy buurstate skepties gestaan het oor sy politieke en ekonomiese invloed in die streek. Suid-Afrika se reputasie as "destabiliseerder van die

streek" het, ironies genoeg, dus ná 1994 steeds bly geld. Daarom was dit vir hom nodig om die SAOG-state gerus te stel dat sy beleid in die streek daarop ingestel is om met sy buurstate op 'n gelyke grondslag en tot wedersydse voordeel saam te werk (Maake 1997:9).

'n Verbandhoudende probleem het te make met die feit dat die Zimbabwiese staatshoof, president Robert Mugabe, verkies is as voorsitter van die SAOG-Organ vir Verdediging, Politiek en Veiligheid, terwyl president Nelson Mandela as voorsitter van die SOAG sêlf verkies is. Hierdie situasie het duidelike verskille in benadering na vore laat kom en wel wat betref die oorhoofse beheer van die Organ (Van Aardt 1997:12-3). Ook uiteenlopendheid oor ander vraagstukke het op verskille en selfs spanning in benadering tussen Suid-Afrika en Zimbabwe gedui (Wetherell 1997:23). Die gevolg is dat daar sedert die totstandkoming van die Organ vir Verdediging, Politiek en Veiligheid slegs beperkte en selfs onbevredigende vordering gemaak is om streekveiligheid in oorhoofse politieke verband in Suid-Afrika te bevorder. Hierteenoor is daar op die tegniese of "burokratiese" vlak merkbare vordering gemaak met pogings om streekveiligheid prakties te bevorder, soos veral Oefening *Blue Hungwe* bewys het.

Ofskoon die probleem van Suid-Afrika se oorheersende rol in en vermeende dominasie van die streek tans waarskynlik minder ernstig as voorheen is, bly dit 'n faktor om mee rekening te hou. Trouens, dit kan in 'n vredesteunoperasie opnuut opduik - veral omdat Suid-Afrika na alle verwagting 'n de facto leiersrol in 'n SAOG-vredesmag sal aanneem in die lig van sy superieure militêre vermoë in die subkontinent (Williams 1997b:348). Suid-Afrika sal gevolglik 'n versigtige leiersrol moet speel met die erkenning van die ervaring van state soos Zimbabwe en Botswana, asook met inagneming van die politieke sensitiwiteit wat daar mag bestaan.

5. ANDER OORWEGINGS EN PARAMETERS

In die lig van die voorgaande is dit duidelik dat, ten spyte van die internasionale verwagting wat daar mag bestaan en die nodigheid vir Suid-Afrika om by toekomstige vredesteunoperasies betrokke te wees, daar met bepaalde realiteite rekening gehou moet word. Die Sekretaris van Verdediging het by geleentheid 'n treffende kortbegrip van Suid-Afrika se posisie gegee:

"South Africa's conundrum is thus that it must sail between the Scylla of national interest and humanitarian concern, and the Charybdis of financial and military prudence" (Steyn 1997:8-9).

Die vraag is vervolgens: Is daar nog ander oorwegings wat sal geld vir deelname aan 'n vredesmag - veral vanuit 'n morele gesigspunt? Wat spesifieke eksterne faktore betref, gee die Konsepwitskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Vredesteunoperasies 'n breë aanduiding van welke oorwegings vir deelname aan 'n vredesteunoperasie sal geld. Ingevolge hiervan moet deelname aan 'n vredesteunoperasie gekoppel wees aan die soeke na 'n konkrete politieke oplossing. Daar moet voorts duidelike tekens wees dat daar 'n bedreiging vir internasionale vrede en veiligheid en/of 'n ramp van beduidende humanitêre omvang bestaan. Dit kan neerkom op

- 'n insident van internasionale aggressie;
- 'n humanitêre ramp wat met geweld gepaardgaan;
- 'n growwe skending van menseregte wat met geweld of dreigende geweld gepaardgaan;
- 'n ingryp in 'n gevestigde demokrasie op ongrondwetlike wyse (waar slegs toetree sal word ná konsultasie en indien meganismes soos voorkomende diplomatie uitgeput is, en nadat internasionale riglyne vir deelname verskaf is) en
- humanitêre rampe of rampverligting wat nie aan 'n veiligheidskrisis gekoppel is nie (Departement van Buitelandse Sake 1997:21).

Die Konsepwitskrif maak dit ook duidelik dat deelname altyd daarop gerig moet wees om Suid-Afrika se nasionale beleidsdoelwitte te bevorder en 'n bydrae te lewer tot die versekering van internasionale vrede en veiligheid. Dit moet eweneens die produk wees van gesprek tussen Suid-Afrikaners en Suid-Afrika se streeks- en internasionale vennote (Departement van Buitelandse Sake 1997:28).

Uit die voormelde kan derhalwe afgelei word dat 'n kombinasie van faktore as motivering vir die Suid-Afrikaanse verbintenis tot deelname aan vredesteunoperasies dien. Afgesien van die bevordering van die Suid-Afrikaanse nasionale belang is Suid-Afrika se lotsverbondenheid met Afrika, bepaalde verwagtinge in die internasionale gemeenskap en 'n (idealistiese?) ingesteldheid om 'n veiliger en "mensliker" omgewing te help bevorder alles aspekte wat hier ter sake is.

6. SLOTOPMERKINGS

In die lig van die verwagtinge wat daar ten opsigte van Suid-Afrika se rol in vredesopgings bestaan, is dit minstens duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering daarop ingestel is om nie oorhaastig daarby betrokke te raak nie en die beperkings op die betrokke rolspelers deeglik in ag neem. Terselfdertyd is daar op 'n makrovlak aansienlike werk gedoen in 'n poging om te verseker dat Suid-Afrika op 'n vaste grondslag staan wanneer die regering voor die onvermydelike te staan kom om deelname aan sodanige operasies te oorweeg. Wat dit betref, is daar op 'n wye vlak aandag geskenk aan beleidsaspekte en oorwegings vir sodanige deelname.

Dit blyk dus dat die Suid-Afrikaanse regering en ander rolspelers voorbereid is om deeglik oorweging te kan skenk aan versoeke vir betrokkenheid by vredesteunoperasies. Wat verder opval, is dat dit nie 'n eenvoudige besluit van die uitvoerende gesag sal behels nie, maar 'n besluit wat met breë parlementêre goedkeuring gepaard sal moet gaan. 'n Besluit kan derhalwe nie sonder meer terstond deur 'n bepaalde rolspeler geneem word, soos byvoorbeeld in die geval van die Nigeriese militêre bewind se oornagse besluit in Junie 1997 om die konflik in Sierra Leone met militêre middele te probeer besleg nie.

In die finale instansie sal dit egter betekenisvol wees hoe daar op politiek-diplomatiese vlak op omstandighede gereageer gaan word en hoe besluitneming en deelname op militêre vlak hanteer sal word. Vredesteunoperasies in Afrikastate het bewys gelever dat dit geen maklike taak is nie, veral waar vredeafdwinging in situasies van akute konflik die hoofsaak van die vredesmagte is. Vir Suid-Afrika lê dié toets na alle waarskynlikheid nog voor en kan dit 'n nuwe dimensie in Suid-Afrika se rol in die internasionale gemeenskap teweegbring.

BRONNELYS

Arnold G 1997. The OAU and peacekeeping in Africa. *New African*, January: 33.

Badenhorst W 1997. Bedreiging teen die RSA nou straks nie meer as 0%. *Beeld*, 12 November: 18.

Bonyonwe H 1997. Notas afgeneem tydens 'n optrede van brig. Bonyonwe, bevelvoerder van die Zimbabwe Staff College, tydens 'n konferensie oor Contemporary Peace Support Operations, Pretoria, 5 November.

Cilliers J & Malan M 1996. From destabilization to peace-keeping in Southern Africa: the potential role of Southern Africa. *Africa Insight* 26(4):339-46.

Defence Review Work Group 1997. *Defence Review: First and Second Reports*, 26 May.

Departement van Buitelandse Sake 1997. *Draft White Paper on South African Participation in Peace Support Operations*, 25 July.

Geldenhuis D 1995. Wat is Suid-Afrika se nasionale belang? *Aambeeld* 23(2), November.

Heitman H-R 1996. Book review: Peacekeeping in international politics. *Salvo* (4):25.

Henk D 1995. Peace operations: views from Southern and Eastern Africa. *U.S. Army Peacekeeping Institute Occasional Paper*.

Henk D & Metz S 1997. The United States and the transformation of African security: the African Crisis Response Initiative and beyond. *Strategic Studies Institute Monograph*, 5 December: 1-47.

Kasrils R 1997. Guns, butter, peace and security. *Sunday Times*, 14 September: 26.

Maake I 1997. South African regionalism: prospects for the success of the Southern African Development Community (SADC). *Referaat gelewer by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Politieke Studies*, Mmabatho, 8-10 Oktober.

Malan M 1997. Treading firmly on the layered response ladder: from peace enforcement to conflict termination operations in Africa. *African Security Review* 6(5):46-57.

- Nöffke C 1995a. Africa's role in international peacekeeping operations. **African Armed Forces**, April: 14-7.
- Nöffke C 1995b. Het Suid-Afrika 'n vredesrol in Afrika te speel? **Aambeeld** 23(2), November.
- Olonisakin F 1997. The future of peace support operations. **Armed Forces & Society** 23(3):349-71.
- Pretorius J 1995. Integration, rationalisation and restructuring of the SA Army: challenges and prospects. **African Security Review** 4(1):18-28.
- Pretorius B 1998. Integrasieproses in weermag gelooi: min verandering sigbaar. **Beeld**, 22 Februarie: 4.
- Shaw A 1997. African peacekeepers in training. **The Citizen**, 27 May: 6.
- Shelton G 1997. Preventive diplomacy and peacekeeping: keys for success. **African Security Review** 6(5):3-14.
- Spence J 1998. The new South African foreign policy: moral incentives and political constraints. **ISSUP Bulletin** (1):1-16.
- Steyn P 1997. South Africa and peace support operations: limitations, options and challenges **Voordrag gelewer by 'n konferensie oor Contemporary Peace Support Operations**, Pretoria, 5 November.
- Stringer K 1997. Alien smuggling: a new global security phenomenon. **Intersec** 7(11/12):400-3.
- RSA 1994. **White Paper on Intelligence**, WP (H) - October.
- RSA 1996. **White Paper on Defence**, 14 May.
- Van der Walt JG & Serfontein CJ 1997. **SA Leërkollege KS perspektief op Oefening Blue Hungwe**, 9 Mei. (Dokument in outeur se besit.)
- Van Aardt M 1997. The emerging security framework in Southern Africa: regime or community. **Strategic Review for Southern Africa** XIX(1):1-30.

VN 1997. **Internet blad** <http://www.un.org/Depts/dpko/rapid/str.htm>, 5 Desember.

Washington Office on Africa (Africa Policy Information Center) 1998. **Internet blad** [gopher://gopher.igc.apc.org:2998/OAPIC-DOCS/r.884674981.14635.2](http://gopher.igc.apc.org:2998/OAPIC-DOCS/r.884674981.14635.2), 12 Januarie.

Wetherell I 1997. Zimbabwe, SA security rift has major implications. **The Star**, 23 September: 23.

Williams R 1995. Peace operations and the South African armed forces: prospects and challenges. **Strategic Review for Southern Africa** XVII(2):87-106.

Williams R 1997a. Don't hold the African Crisis Response Force hostage to unrealistic demands. **ISS Papers** (20):1-3.

Williams R 1997b. Peace support operations. In: Mills G (red.) **South African Yearbook of International Affairs**: 240-9. Johannesburg: South African Institute for International Affairs.